2014 THEME ANNOUNCEMENT

16 DAYS OF ACTIVISM AGAINST GENDER-BASED VIOLENCE
16 DÍAS DE ACTIVISMO CONTRA LA VIOLENCIA DE GÉNERO
16 JOURS D'ACTIVISME CONTRE LA VIOLENCE DE GENRE
25 NOV - 10 DEC http://16dayscwgl.rutgers.edu

Van Vrede in die Huis tot Vrede in die Wêreld: Staan op teen Militarisme en Eindig Geslagsgebaseerde Geweld!

Die plasing van die 16 Dae Veldtog van 25 November (Internasionale Dag vir die Eliminering van Geweld Teen Vroue) en 10 Desember (Menseregtedag) beklemtoon dat geslagsgebaseerde geweld 'n internasionale menseregteskending is. In die aanloop tot en gedurende die 16 dae van aktivisme, sal deelnemers die sistematiese aard van geslagsgebaseerde geweld en militarisme uitlig, hoe dit ongelykheid en diskriminasie aanmoedig, en befondsing vir wapens prioritiseer bo kwaliteit onderrig, gesondheidsorg en veilige publieke areas. Die kultuur van militarisme bou voort op en beskerm stelsels van mag deur meningsverskille te beheer en geweld te gebruik om ekonomiese, politieke en sosiale dispute op te los. Militarisme maak gebruik van en perpetueer patriargale modelle van politieke, ekonomiese en sosiale dominansie van mense deur 'n klein groepie elite, en bevorder geweldadige manlikheid as aanvaarbare gedrag. Die 16 Dae Veldtog se fokus op die kruispunte tussen geslagsgebaseerde geweld en militarisme is 'n poging om te werk na 'n meer gelyke en vreedsame wêreld.

Die kruispunte tussen ouderdom, klas, geslag, geografiese ligging, ras/etnisiteit, geloofsoortuiging, en seksuele oriëntering, onder ander kategorieë van analise, verskaf inligting oor die maniere waarop vroue geweld, ongelykheid en diskriminasie ervaar en daarop reageer. Dit beïnvloed ook die maniere waarop gemeenskappe en State reageer, aangesien State se verhouding met hulle mense gedeeltelik deur die bogenoemde kategorieë bemiddel word.

Neem Aksie om Geslagsgebaseerde Geweld en Militarisme te Eindig!

Integraal tot 'n wêreld vry van geslagsgebaseerde geweld waar almal vryheid van vrees en nood kan ervaar, is – gedeeltelik – die erkenning van die ondeelbaarheid van menseregte, en dat vroue se regte menseregte is. Binne die konteks van die kruispunte tussen geslagsgebaseerde geweld, militarisme, en ekonomiese en sosiale regte, en met inagneming van die werk van stryders wêreldwyd, het die 16 Dae Veldtog drie areas van prioriteit geïdentifiseer vir die 2014 Veldtog:

1 Geweld gepleeg deur Staatspelers

Ten spyte van die nodige noulettendheidsprinsiep wat vereis dat State verantwoordelikheid neem om menseregte te respekteer, beskerm en bevorder, tree Staatspelers dikwels met minagting op as plegers van menseregteskendings en\of faal dikwels daarin om te verseker dat geregtigheid geskied, veral waar geweld gepleeg word teen sosiaal en ekonomies gemarginaliseerde groepe. Gesteun deur hulle magtige posisies, gebruik State en nie-Staatspelers geweld en die dreigement van geweld om sosiale, ekonomiese en politieke beheer oor individue en gemeenskappe uit te voer. Dikwels teiken hierdie geweld vroue en spesifiek menseregteverdedigers en ander protesteerders om hulle stil te maak deur die gebruik van vrees. Menseregteverdedigers is teikens van beide State en nie-Staatspelers en word gekonfronteer met fisiese en seksuele geweld as gevolg van wie hulle is en wat hulle doen. Die gebrek aan aanspreeklikheid en regulering van transnasionale maatskappye, insluitend die ontginningsindustrie en privaat militêre maatskappye, bemagtig hulle om die menseregte van werkers, inheemse gemeenskappe, plaaslike bevolkings en menseregteverdedigers uit te buit en te oortree.

Wat kan gedoen word?

- Dokumenteer en publiseer gevalle van oortredings teen menseregteverdedigers, joernaliste, inheemse en gemarginaliseerde groepe.
- Raak betrokke met lede van jou gemeenskap en beleidmakers wat bereid is om te luister en wat werk op plaaslike, streeks-, nasionale en ander invloedryke vlakke om die einde van geslagsgebaseerde geweld 'n prioriteit en 'n suksesmerker vir nasionale ontwikkeling te maak.
- Versterk en ondersteun die werk van Vroue-menseregteverdedigers en dring aan op aanspreeklikheid van Staat- en nie-Staat plegers van geweld deur nasionale, streeks- en internasionale meganismes.

2 Vermeerdering van Handvuurwapens in Gevalle van Intieme Lewensgenoot Geweld

Gesinsgeweld en intieme lewensgenoot geweld is 'n skending van menseregte wat elke kultuur en gemeenskap wêreldwyd raak. Intieme lewensgenoot geweld floreer weens ekonomiese afhanklikheid, geslagspesifieke sosiale norme, en onvoldoende en geslagsblinde beleide. Ekonomiese onafhanklikheid en transformerende skuiwe, wat die huidige sosiale aanvaarding van

geslagsongelykheid en geweld elimineer, is nodig vir 'n einde aan gesinsgeweld en intieme lewensgenoot geweld. Die teenwoordigheid van handvuurwapens verhoog die risiko van moord met 41%, maar in gevalle van gesinsgeweld en intieme lewensgenoot geweld is die risiko vir vroue selfs meer (272%). Dis geen verrassing dat kenners beraam dat daar ongeveer 900 miljoen handvuurwapens in die globale mark is nie, met vroue wat drie tot vier keer meer geneig is om die slagoffers van dreigemente en sterftes te wees. Die gebruik en vermeerdering van handvuurwapens is 'n uitbreiding van die normalisering van geweld, geweldadige manlikheid, en militarisme. Om hierdie gevalle van geweld in toom te hou, moet aksie verder strek as lippediens, wetgewing en hervorming en skuif na gefokusde implementering van verhoeding, beskerming, geregtigheid, en dienste vir oorlewendes.

Wat kan gedoen word?

- Ondersteun ontwapening van plegers van intieme lewensgenoot geweld en strenger regulering van handvuurwapens. Werk saam met jou gemeenskap en beleidmakers vir strenger nagaan van agtergrond en wapenstoring, asook die verband tussen gevalle van intieme lewensgenoot geweld en die verwydering van vuurwapens uit die huis.
- Moedig gesprekke aan oor intieme lewensgenoot geweld met familie, vriende en gemeenskapslede om sodoende stigma te verwyder en die wat dit rapporteer te beskerm en ondersteun.
- Bevorder verbeterde opleiding en optrede deur plaaslike wetstoepassing om sodoende intieme lewensgenoot geweld voldoende aan te spreek.

3 Seksuele Geweld Tydens en Na Konflik

Strydlustiges en opportuniste in konflikklimate pleeg dade van geweld spesifiek gemik teen vroue en meisies as 'n manier om vrees te saai, te bedreig, om die teenoorgestelde kamp te verswak en om voordeel te trek uit "oorlogsbuit". Verskeie vorme van seksuele geweld is 'n skending van menseregte en menswaardigheid, en word gebruik om konflik aan te spoor tussen etniese en ideologiese groepe, en by internasionale maghouers as die basis vir intreding en okkupasie. Seksuele geweld is geslagspesifiek en dra sosiale stigma, wat vroue en meisies forseer in voortdurend onveilige lewens met onvoldoende dienste en ondersteuning van familie, die gemeenskap, en/of gesondheids- en geregtigheidsverskaffers. Die onus om teen seksuele geweld te beskerm en dit te voorkom word afgedwing op vroue of hulle families en gemeenskappe, terwyl die daad dikwels afgemaak word as 'n werklikheid van beide "vrede" en oorlog en onstabiliteit regoor die konflikspektrum. Militarisme voed houdings wat straflosheid vir plegers ondersteun en laat die regstelsel toe om laks te wees oor die ondersoek, vervolging en straf van misdade van seksuele geweld. Ontwapening, demobilisasie, en herintegrering prosesse moet ook vroue en meisies wat in seksuele slawerny en gevegte gedwing is aanspreek, en voorkoming, beskerming en geregtigheidsmeganismes moet vroue se ervarings insluit.

Wat kan gedoen word?

- Skep plaaslike en internasionale bewustheid deur te skryf en praat oor die voorkoms en stigma van seksuele geweld, of gebruik jou vaardighede om 'n sin van dringendheid rondom seksuele geweld in jou gemeenskap te skep.
- Moedig beleidmakers aan om die aanspreek van die misdaad van seksuele geweld in konflik 'n prioriteit te maak, en om plaaslike, nasionale en internasionale voorkoming, beskerming, geregsmeganismes en vroue se leierskap in vredesprosesse te ondersteun.
- Werk met mans en seuns wat glo in geslagsgelykheid om geslagsgebaseerde geweld in konflik te eindig, en werk saam om meer van hulle eweknieë betrokke te kry by die beëindiging van geslagsgebaseerde en seksuele geweld.

Sluit aan by die 16 Dae Veldtog!

Die 16 Dae Veldtog is oop vir deelnemers wat betrokke is by aksie rakende hierdie kwessies op maniere wat relevant is tot hulle spesifieke konteks. Deelnemers weet waarop en met wie hulle beter kan saamwerk – regerings of gemeenskappe – om strukture wat geslagsgebaseerde geweld in plek hou op 'n positiewe manier te beveg en verander. Gebruik #16Days op Twitter!

Raak ingeskakel!

- 16 Dae Veldtog: http://16dayscwgl.rutgers.edu
- E-pos: 16days@cwgl.rutgers.edu
- Facebook: http://www.facebook.com/16DaysCampaign
- Flickr: http://www.flickr.com/photos/16dayscampaign
- Sluit aan by die 16 Dae Listserv: https://email.rutgers.edu/mailman/listinfo/16days_discussion
- Internasionale Veldtog Kalender: http://16dayscwgl.rutgers.edu/campaign-calendar
- Tumblr: http://cwgl.tumblr.com
- Twitter: @16DaysCampaign

Versoek 'n Neem Aksie Pak!

Die "Center for Women's Global Leadership" het materiale ontwikkel vir die 2014 Neem Aksie Pak, wat hulpmiddels bevat om aktiwiteite gedurende die 16 Dae Veldtog te ondersteun. Teen Augustus sal die CWGL hierdie materiale beskikbaar maak in Engels, Frans en Spaans in gedrukte formaat, en slegs aanlyn vir ander tale. Deelnemers kan ons webwerf besoek (http://16days.cwgl.rutgers.edu) om die materiale af te laai, of om 'n gedrukte kopie aan te vra wanneer dit beskikbaar is.

Oor die 16 Dae Veldtog

Vir die afgelope 23 jaar is die globale 16 Dae van Aktivisme teen Geslagsgebaseerde Geweld Veldtog toegewy aan bevordering en koördinering van werk wat die beëindiging van geslagsgebaseerde geweld op nasionale en internasionale vlakke ondersteun. Die datums, 25 November (Internasionale Dag vir die Eliminering van Geweld Teen Vroue) en 10 Desember (Menseregtedag), is gekies om die verband tussen die beëindiging van geslagsgebaseerde geweld en menseregtewaardes te beklemtoon, en om uit te lig dat geslagsgebaseerde geweld 'n menseregteskending is. Die 16 Dae Veldtog word gebruik as 'n organiseringstrategie om 'n beroep te maak vir die eliminering van alle vorme van geslagsgebaseerde geweld deur individue en groepe wêreldwyd. Sedert stigting in 1991, is die "Center for Women's Global Leadership" die globale koördineerder van die 16 Dae Veldtog.

RUTGERS
School of Arts and Sciences

Center for Women's Global Leadership
Rutgers, The State University of New Jersey
http://cwgl.rutgers.edu